Tjokkies Preprimêr
051-5223628

# Tjokkiebrief

9 Januarie 2023
Kw. 1 NUUSBRIEF 1

## *Baie welkom!*

*2023 se nuwe Graad R-kleuters gee Woensdag hul eerste kaalvoet treetjies by Tjokkies, ons wil hul by voorbaat baie welkom heet!*



*Welkom ook aan u as ouers, mag ons hierdie nuwe jaar met vertroue en ywer aanpak en dit 'n onvergeetlike jaar vir elke kleutertjie maak.*

***Kleuters kan vir hul eerste skooldag, Woensdag, Tjokkiedrag aantrek, daarna elke Maandag en Donderdag.***




**Skool heropen -** Woensdag, 11 Januarie



## Skoolfooie

Skoolfooie word per jaar deur die Beheerliggaam bepaal en word in 11 maandelikse paaiemente verdeel vanaf Januarie tot November. Hiervolgens kan die skool beplan, vooruitgaan en maandelikse verpligtinge nakom.

Oggendsorg vir 2023 is R1 640.00 p/m en Voldagsorg is R2 280.00 p/m.

Baie dankie dat u hierdie verpligting rakende u kleuter met verantwoordelikheid opneem en reeds Januarie se skoolfooie vereffen het.

## Ouervergadering

### Dinsdag, 17 Januarie om 18:00 in die skoolsaal

Ons wil nie graag tydens hierdie geleentheid kinders in die saal hê nie. By die kleuterskool sal toesig vir kleuters wees as u nie 'n ander opsie het nie. Ouer boeties of sussies kan ongelukkig nie daar geakkomodeer word nie, maar daar sal wel 'n student buite die saal wees om 'n ogie te hou.

Bywoning van hierdie vergadering is **baie belangrik**, aangesien dit die plek is waar ons wegspring vir die jaar en belangrike inligting deurgegee sal word.




*Parkeer asseblief sovêr moontlik in Rossstraat of ander nabye strate waar sekuriteit gereël is, verkieslik nie in Paul Krugerlaan nie.*
Stap verby sekuriteit direk na die saal.



# Skooltye



As gevolg van 'n toeloop van Gr. R tot Gr. 7 verkeer op die eerste skooldag, word die aankomstye uitmekaar gespasieer en beveel ons aan dat Graad R-leerders asseblief net vir die eerste dag ongeveer tussen 7:50 en 8:45 skool toe gebring word indien dit vir u moontlik is. Personeel is wel vanaf 7:00 by die skool. Daarna wil ons so gou as moontlik in die regte roetine kom.





Die kleuterskool se hek open soggens om 6:50 en alle kleuters moet asseblief vóór 8:00 by die skool wees.

Afhaaltyd vir Oggendsorg kleuters is tussen 12:40 en 13:10 in die voortuin.

Voldagsorg kleuters kan tussen 15:10 en 17:10 by die hek afgehaal word.

MOET ASSEBLIEF NIE LAAT WEES NIE. *Geen kleuter óf personeellid mag ná 17:10 nog op die terrein wees nie.*

# Die eerste twee weke

Vir die eerste week tot met Woensdag, 18 Januarie mag ouers die kleuter vergesel tot by die klas, waar u moet groet, die kleutertjie in Juffrou se sorg laat en spoedig uitbeweeg.

Vanaf Donderdag, 19 Januarie, sal kleuters soggens by die kleuterskool se hek ontvang word. Hulle kry daardie oggend 'n verrassing omdat hul dan groot genoeg is om alleen in te stap!

## Tjokkiedrag

Tjokkiedrag word op Maandae en Donderdae gedra.
'n Tjokkiesak is verpligtend.

In die sak moet vanaf dag een **'n ekstra stelletjie gewone klere wees**.

*Alle klere, kosblikke, waterbottels ens moet duidelik gemerk wees.*

## Verversings



Kleuters moet asseblief soggens vóór skool tuis iets eet, al is dit iets kleins, ons eet eers teen 9:15 by die skool.

Slegs gesonde kossies in kosblikke, geen lekkers nie!

Onthou die waterbotteltjie mag SLEGS WATER in hê, nie koeldrank nie asseblief. Lees die kosblik-riglyne in die "Nuwe Tjokkie" boekie.

## Trapklippies

Ons hoop dat u intussen aandag gegee het aan die "Trapklippies" in die "Nuwe Tjokkie" boekie, sodat u kleuter Gr R voorbereid sal betree.

Kyk gerus weer daarna in die boekie. Van ons kant af is ons gereed om elke Tjokkie-kleuter oor die bruggie na latere formele onderrig te vergesel.



## Buitemuurs

Privaat buitemuurse aktiwiteite word namiddae by die kleuterskool aangebied. Meer inligting en pamflette word op die ouervergadering uitgegee.

Buitemuurs begin op 23 Januarie. Sien die rooster hierby aangeheg.

## Kinderkinetika

By Tjokkies word Kinderkinetika vir **alle** kleuters in skooltyd aangebied en die koste hiervan is reeds by die skoolgeld ingesluit.



# Personeel

| Klas: | Juffrou: | Assistente: |
|---|---|---|
| Blouklas | Elsabé Claassen (Skoolhoof) | Henriëtte du Toit |
| Groenklas | Blanche Truter | Ansje Strydom |
| Rooiklas | Amie van Rooyen | Himke Steenkamp |
| Geelklas | René Greyling | Vicky Oelofse |

**Sekretaresse:** Sanet Horn

**Middagjuffrouens:** Sannette Schuin (Oorhoofs) & Lee-Ann Pretorius

**Kinderkinetikus:**

C'moné Schoeman

**Akademiese ondersteuning:**

Arbeidsterapeut - Melicia Muller

Spraakterapeut - Marizel Scheepers

Skoolgereedheid - Adriana Scholtz (Smartees)

**Skoonmaakassistente:**

Me. Tsidi & Me. Johanna

**Tuinwerker:**

Jan Lubbe

## Middagsorg

Middagsorg begin op die eerste dag van skool en ons beveel aan dat kleuters sommer dadelik daarby inskakel om aan die nuwe situasie gewoond te raak. Ons middagkleuters is in goeie, liefdevolle sorg.

Probeer asseblief om nié 'n kleuter se roetine te breek deur hul nié elke dag middagsorg te laat bywoon nie. Soms is dit vir hulle lekker om op 'n Vrydag vroeg gehaal te word.

Sien middagsorg brief hierby aangeheg.

**Op julle merke, gereed …**




Ons kan nie meer wag vir die skool om te begin nie!

Die klassies is skoon en netjies ingerig. Speelgoed is gewas, nuwe benodigdhede is aangekoop, name is geplak en ons mooi speel-area wag net vir die kleuters om te arriveer.

Sien u Woensdag!

*Groete, Tjokkie Juffrouens*

Tjokkies Pre-primêre Skool

# Buitemuurse rooster 2023

| Dag: | Tyd: | Waar: | Wie: | Kontak nr: |
|---|---|---|---|---|
| MAANDAG | | | | |
| Playball | 15:15 - 15:45 | Agtertuin | René | 082 496 1410 |
| Piggy Maths | 16:00 - 16:45 | Stoep | Anita | 072 378 3473 |
| Louise Fourie Dance Studio | 15:15 - 16:00 | Blouklas | Louise | 082 714 1589 |
| DINSDAG | | | | |
| Tennis | 12:30 - 13:00 | Tennisbane | Sherwin | 073 623 4865 |
| Pocket Rocket Hockey | 15:15 – 15:45 | Plastiekgras | Ryno | 072 222 2125 |
| Kuns | 15:15 - 16:00 | Blouklas | Elsabé | 072 674 6897 |
| Krieket Akademie | 15:00 - 15:30 | Laerskool | Kevin | 083 795 0576 |
| WOENSDAG | | | | |
| Swem | 15:15 - 15:45 | Privaat | Jakkie | 084 234 4167 |
| Experi-Maatjies | 15:15 - 15:45 | Stoep | Suzaane | 072 123 5900 |
| Sokker Skills | 15:15 - 15:45 | Grasperk | Ruan | 083 887 7019 |
| DONDERDAG | | | | |
| Swem | 15:15 - 15:45 | Privaat | Jakkie | 084 234 4167 |
| Rugby Skills | 15:15 – 15:45 | Grasperk | Ruan | 083 887 7019 |
| Netbal Skills | 15:15 – 15:45 | Grasperk | Dawnita | 063 707 4946 |
| Monkey Nastix | 15:15 - 15:45 | Blouklas | Jaco | 082 412 4216 |

**Alle buitemuurs word privaat aangebied en inskrywings, reëlings en betalings geskied direk tussen u en die aanbieder.**